# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

21 April 2020

Die President van Suid-Afrika
Mnr. Cyril Ramaphosa
Tuynhuys
Kaapstad

Geagte mnr. President, Kabinetsministers, premiers, burgemeesters en gemeenskapsleiers van Suid-Afrika.

Ons rig hierdie skrywe aan u namens ’n kerklike denominasie wat 30 000 Christene verteenwoordig, maar ook, so glo ons, namens ’n groot groep ander kerke in ons land.

Gedurende hierdie krisistyd van die Covid-19 pandemie, het ons vir elkeen van u gebid en ons doen dit steeds. Ons bid dat die Here aan u wysheid sal gee in al u besluite – besluite wat daagliks geëvalueer en gerevalueer word namate nuwe inligting oor die virus en die reaksie daarop beskikbaar word. Dit is juis hierdie inkomende inligting wat dit al meer en meer duidelik maak dat die aanvanklike inligting wat die noodtoestand gemotiveer het, onvolledig was.

Ons waardeer die president se stelling in die persverklaring van 20 April 2020 in verband met die uitdagings wat hy moes hanteer in die besluit om ’n nasionale inperking in te stel en dat hy verkies het om eerder na die kant van versigtigheid oor te hel. Omdat ons doel steeds is om dit te doen wat die beste vir die openbare belang van die burgers is, is nuwe besluite en ’n koerswysiging nou noodsaaklik – hoe gouer, hoe beter. Die blote opgradering van maatskaplike voorsiening om huishoudings wat in armoede leef, te ondersteun, sal ongelukkig nie naastenby voldoende wees nie.

As ons met die huidige toestand van totale inperking volhard, sal dinge volgens ons oortuiging waarskynlik baie versleg. Ons beleef nou die situasie waar dit al duideliker word dat die instel van verdere voorsorg (inperking) nadeliger gevolge sal hê as die siekte self. Die inligting oor die pandemie regverdig nie dat miljoene mense hulle werk verloor en besighede en veral kerke vir ’n onbepaalde tydperk gesluit word nie. Die president het talle nieregeringsorganisasies, godsdienstige groepe en gewone burgers wat geld gee en hulp aanbied om honger en behoeftiges te help, bedank, maar u inperkingsmaatreëls maak dit onmoontlik vir ons om hiermee voort te gaan. Hiermee verwys ons na baie boere en familiebesighede wat nie vir hulp uit die

solidariteitsfonds kwalifiseer nie, selfs al dra hulle daartoe by. Dit is nou tyd om vir besigheid oop te maak, werk toe te gaan en veral om onbeskaamd terug te keer tot die openbare aanbidding van die drie-enige God deur die gemeenskap van die heiliges, alhoewel sommige voorkomende maatreëls steeds nodig mag wees.

Hoewel Covid-19 onder ons bestaan en meer as 3300 burgers al die siekte opgedoen het, kan ons die baie groter skade wat aan ons samelewing aangerig word deurdat inkomste vir die onderhouding van gesinne afgesny word, nie langer ignoreer nie. In ons kerke kom min gevalle van die Koronavirus, hospitalisasie of sterftes voor. Daarteenoor het ons talle mense wie se vermoë om hulle gesinne te onderhou, grootliks skade ly weens die verlies aan inkomste en skade aan hulle besighede. Vir ons sal die inperkingsmaatreëls die huidige stand van sake baie vererger. Sonder om die feite waarmee u rekening moet hou, buite rekening te laat, moedig ons u aan om baie mooi na te dink oor die geweldige skade wat deur die volharding met ’n geslote ekonomie aangerig word. In ons gemeentes het ons reeds die verlies aan lewensonderhoud, besighede wat hul deure moes sluit en die isolasie van ons lidmate ervaar en dit is ’n geweldige verlies vir die welwese en welsyn van die hele samelewing. Die skade sal net vererger as ons op die huidige koers van imperking volhard en die ekonomie, ons huise en kerke gesluit hou. Vergun ons om sonder skroom daarop te wys dat as daar ooit ’n noodsaaklike diens was, is dit die openbare aanbidding deur die gemeenskap van die heiliges van die lewende God. Hy is die belangrikste aspek in elke oorweging. Dit is nie vir ons nodig om u daaraan te herinner dat gevaarlike (en waarskynlik onbeheerbare) sosiale onrus die noodwendige gevolg van die huidige koers sal wees nie. Die plundering van informele handelaars en drankwinkels is net die begin.

Ons is ook erg bedroef deur die blatante rassisme deur sommige regeringsdepartemente wat verligting en hulp in die pandemie betref. Ons is voorts baie verontrus oor die stygende gety van misdaad gedurende die inperking. Ons beskou dit ook as ons roeping om daarop te wys dat daar baie meer onrus en rampspoedige gevolge kan voorkom omdat gemeenskapsveiligheidsgroepe nie toegelaat word om op te tree nie.

As kerke is ons baie besorg oor die lewens en gesondheid van ons lidmate asook ander in die gemeenskappe wat ons bedien. Veral omdat talle in ons kerke bejaardes of hoë-risiko gevalle vir Corvid-19 is. Hul gesondheid is egter nie die verantwoordelikheid van die staat alleen nie. Daardie persone en hul gesinne, predikante, leiers en dokters is die beste geposisioneer om vir hulself te besluit oor hoe hulle gedurende die verspreiding van die siekte moet leef. As hierdie ’n groot plaag, ’n direkte gesondheids- en lewensbedreiging vir al ons lidmate was, soos baie van ons aanvanklik gedink het dit was, sou ons met graagte gewillig wees om ons neer te lê by billike maatreëls om die verspreiding te voorkom – soos ons die afgelope maand gedoen het. Dit is egter nou duidelik dat die krisis nie op die vlak is soos dit aanvanklik beskou was nie. Al meer van ons kerke dui daagliks aan dat hulle nie bereid is om voort te gaan om die uiterste inperkingsmaatreëls na te kom nie. Ons begeerte is om gehoorsaam te wees aan die burgerlike owerheid. Ons

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

moet egter ook doen wat God van ons verwag en wat die beste is vir ons mense en gemeenskappe en soos ons gewete ons voorskryf.

Ons erken dat die grondwetlike regte van vryheid van beweging, spraak, godsdiens en assosiasie beperk mag word kragtens Afdeling 36 van die grondwet, maar sulke “beperkings moet redelik en regverdigbaar wees in ’n oop en demokratiese samelewing wat gebaseer is op menswaardigheid, gelykheid en vryheid”. As ons die aard van hierdie regte in aanmerking neem; die belangrikheid van die beperkinge, die aard en omvang daarvan, asook die verhouding tussen die beperkings en hul doel en minder beperkende maniere om die doel te bereik, blyk dit dat ons as kerkleiers nou die morele verpligting het om ons aanvanklike steun vir die huidige inperkingsmaatreëls in die lig van die jongste feite oor die pandemie te heroorweeg. Meer nog, ons het nie net hierdie regte omdat die grondwet dit vergun nie, maar omdat dit van God self af kom. Ons glo dat die tyd ryp is vir ons leiers om af te sien van die ekstreme inperkingsmaatreëls.

Tot dusver was die reaksie in die kerk een van verootmoediging en sondebelydenis – die sondes van die kerk en die sonde van ons burgers en regering. Met hierdie brief nooi ons die regering om hulle asseblief by ons in verootmoediging voor die Here Jesus Christus aan te sluit. Ons pleit om die genade en barmhartigheid van God, sodat Hy aan ons verlossing en wysheid vir die toekoms sal gee. Die dood is ’n vyand, die laaste vyand wat deur die heerskappy van Christus vernietig is. Ons bely dit met ons hele hart en hoewel ons die dood verag, vrees ons nie die dood nie, want vir ons is die lewe Christus en die sterwe wins. Mag God opregte berou in ons bewerk en wanneer ons ons sondes erken en bely, glo ons dat Hy ons genadig sal wees en ons land sal herstel.

In diens van die ewige Koning, Jesus Christus.



**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van kerkadministrasie**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023